## REDAKSIONEEL

### 'N WOORD VAN DANK

PROF. L. FLOOR het die drie uitgawes van 1975 versorg en sal D.V. ook weer aan hierdie een meewerk. Ons wil graag langs hierdie weg hom hartlik bedank vir die bekwame wyse waarop hy hom van die taak gekwyt het.

Op die oproepe vir verhoogde intekengeld en donasies uit kerke het goeie reaksie gekom. Die finansiële posisie van ons blad is tans, inflasie en hoër pryse ten spyt, gesond — danksy mooi medewerking oral vandaan. Daarvoor ook hartlik dank!

By die laaste uitgawe van 1975 pas dit ons ook om aan die drukkers, Potchefstroom Herald, ons dank te laat toekom. Hulle lewer nog steeds drukwerk van hoë gehalte met uiters simpatieke kosteberekening.

Gedurende die afgelope jaar het mev. (ds.) H. A. Louw die administrasie behartig. Die bekwame en punktuele wyse waarop *In die Skriflig* tans geadministreer word, kan net die blad se aansien bou. 'n Woord van *dank* is gou gesê — en kan vir die moeite nie vergoed nie, maar bewys dat ons dit waardeer.

### Jag op verandering

Wie oplet wat vandag in ons wêreld en toenemend in ons land na vore tree — merk 'n rustelose gejag op die „nuwe", die „andere", die „moderne". Fisies en geestelik word „sloop" sinoniem vir „ontwikkeling". In hierdie resies het die linkse materialistiese en sosialistiese filosofie sy idee helder en klaar — terwyl die bestaande „establishment" op elke terrein hom leen om skryf te wees vir etikette, aanklagte, eise om verandering, optogte, demonstrasies — meesal op die model van Marcuse: die jong intelligensia (studente) wat nog nie verantwoordelikheid gedra het of dra nie, neem dit op vir die „under-dogs".

### Schilder en vrymaking — 'n rewolusie?

Dit het my getref hoe 'n linkse „onvoltooide gereformeerde teoloog" Han Lammers, wethouder van Amsterdam, beloof het om nog 'n boek oor Klaas Schilder te skryf — want in Schilder „bloeide een onafhankelijk gereformeerdendom met anarchistiese trekken". Schilder sou dan Du Perron en Marsman gelees het onderwyl „de meeste gereformeerde theologen in kerkbodenrecensies zorgelijk nagingen of bepaalde christelijke romans niet te ver gingen". Die rubriekskrywer waardeer daarom ook J. Kamphuis se „Isaäc da Costa en de Afscheiding van 1834" waarin op die noot van vrymaking „op strenge toon over verkeerde structuren gerept wordt . . . de kerkelijke problemen van vandag zijn ten slotte niet uit de lucht komen vallen . . ." Vir hom is die oplossing ook duidelik: Manne van die „reveil" was „vroom" maar tog net te „sjiek" (deftig of soos die moderne sosialiste sê: te „burgerlik") om die stappie na die „lieve

zielen" van die Afskeiding te maak *(Trouw/Kwartet* 7.6.75).

Dit is opmerklik dat die voorstanders van rewolusie selfs hulle teenstanders kan waardeer en gebruik net omdat hulle deel gehad het aan die aanklag en omvergooi van 'n gevestigde kerkstruktuur — en hoewel hulle geen flenter omgee vir die inhoud van die stryd van 1834 nie, neem die linkses die reveilmanne kwalik omdat hulle nie aan die „rewolusie" van 1834 meegedoen het nie.

## Die Wederdopers en vandag

Nog verder terug slaan rewolusioniste soos Ernest Bloch die stryd van die Anabaptiste (Wederdopers) teen die Roomse en Protestantse Kerke vandag hoog aan. Hulle het immers geroep om „vrymaking" uit die „onheilige" huwelik tussen kerk en staat — „vrymaking" van gevestigde strukture. Hulle het dit opgeneem vir die „underdogs" (verdrukte boereklas) teenoor die „burgerlikes" wat tevrede was met die strukture van kerk en staat. Die nuwe waardering in ons eeu geskied nie ter wille van die leer van die Anabaptiste nie, maar ter wille van hulle metode, hulle daad van „rewolusie" of „vrymaking", hulle reaksie teen die „burgerlike" establishment.

'n Mens moet opmerk hoe die voorstanders van rewolusie, die omgooi van die gevestigde strukture in kerk, staat, maatskappy en ekonomie, gebruik maak van elkeen wat hom as „underdog" binne 'n gevestigde instelling openbaar en 'n stryd om „vrymaking" uit die struktuur aanbind (die „anargistiese" trek by Schilder).

In Nederland subsidieer die sosialistiese regering koerante wat nie meer finansieel die mas kan opkom nie indien die koerant maar 'n nuttige meningvormende invloed (volgens oordeel van die staat natuurlik!) uitoefen. Op hierdie wyse word *Trouw/Kwartet,* 'n dagblad wat hoofsaaklik onder gereformeerdes sirkuleer en wat in ongeveer 1968 radikaal vir die pad van maatskappyvernuwing en struktuurverandering gekies het — aan die lewe gehou. Juis die blad gooi „anti-rewolusionêres" om deur die ideologie van die rewolusie te vertaal in begrippe en woorde wat onder die gereformeerdes gangbaar was. So word „rewolusie" konsekwent as „bevryding" en terroriste as „vryheidsvegters" in Viëtnam, Mosambiek, Angola, Rhodesië en Suidwes-Afrika aangedien; „verlossing" beteken verlossing uit armoede deur 'n sosialistiese „verdeling" van die goedere en grondstowwe van die hele wêreld; naasteliefde word met „medemenslikheid" en die sosialistiese maatskappystruktuur as „ekumene" en ekumeniese roeping vertaal.

## Verdedig met boks of judo

Die rubriekskrywer Ferdinand het in *Tegniek* (Sept. '75) gewys dat 'n mens jou op twee maniere kan verdedig: deur te *boks* of deur die Oosterse *judo.* In boks neem jy slae, maar jy probeer ook die ander weg slaan en verslaan. In judo gebruik jy die gewig, krag en energie van die aanvaller om hom om te gooi en skadeloos te stel.

Ons Afrikaners en Gereformeerdes is seker by uitstek ingestel op „boks": as iemand slaan moet hy reguit in die gesig terug geslaan

word; regering, kerkraad, dominee moet reguit opstoppers en toestopper plant teen elke aanslag en aanval. Ons vyande speel egter die tegniek van judo: hulle gooi ons om met kragte en swakhede wat in ons Afrikaans-gereformeerde erfenis en besit leef. Hulle kondisioneer ons op duisend maniere om geregverdigde en vermeende klagte teen die „establishment" onstuimig uit te buit sodat ons na 'n onomlynde „vrymaking" vir die vrou, kind, die man, die samelewing, die godsdiens, die politiek, die ekonomie soek... en dan kwyn die krag en energie om langer te boks vir die behoud van kultuur, teologie, belydenis, identiteit, individuele verantwoordelikheid. Om te „behou" is immers konserwatief — en dit is 'n vloekwoord in die rewolusionêre eeu.

## Sensitiwiteitsopleiding in diens van verandering

Op 'n vraag van Van Leeuwen in die Nederlandse Parlement het die minister erken dat die sosialistiese regering van metodes soortgelyk aan sensitiwiteitsopleiding gebruik maak (om die „samelewing" nuut te „struktureer"). Op sigself is sensitiwiteitsopleiding net 'n tegniek, 'n metode, waardeur jy soos in judo mense „omgooi", „bevry" binne 'n groepsverband van die „onderdrukkende" magte uit gesin, opvoeding, skole, kerk, samelewing, kultuur en konvensie. Jy pas eenvoudig die psigologie van Pavlov en Watson toe om die mens binne 'n klein groep, 'n sel (soos die kommuniste gebruik), op 'n bepaalde wyse en met 'n bepaalde metode te kondisioneer. Kortom, binne die „sel" ontbloot jy die persoon se kragte, motiewe, behoeftes, vrese, ambisies en dan wend jy juis dit aan om hom om te gooi, hom te verander en sodoende te „bevry" sodat hy vir 'n nuwe samelewing in groepsverband (kollektief) diensbaar word.

Met toestemming van die skrywer publiseer ons 'n brosjure van 'n gereformeerde huisdokter, J. de Vries van Garijp, Friesland. Hy het vrywillig sensitiwiteitsopleiding ondergaan en beywer hom tans in Nederland om die oë vir hierdie tegniek te open. Die onderwerp en die tegniek is vir Suid-Afrika en vir die pastoraal aktueel.

## Prof. dr. G. C. P. van der Vyver

Die heengaan van prof. Van der Vyver het nie net die Teologiese Skool en Fakulteit op Potchefstroom getref nie, maar 'n skok deur die hele Afrikaanse teologiese wêreld laat gaan. Hy was ook ver buite die kerke en skole van die GKSA bekend en geliefd — veral as kerkhistorikus en as mens. As wetenskaplike en as mens het hy mooi gawes van die Here ontvang en in diens gewillig ten toon gesprei. Sy werke, waaronder veral sy proefskrif oor prof. D. Postma en sy geskiedenis by die eeufees van die Teologiese Skool (1869—1969) — sy entoesiasme waarmee hy die geskiedenis vir vandag laat spreek het — roep die bede op dat die Here sy nagedagtenis en arbeid lank ryklik wil seën. Mag die Here sy diepbeproefde gesin, eggenote, kinders en kleinkinders troos en sterk met dié Woord en Gees wat ons ontslape broeder so graag en kragtig kon verkondig.

B.S.